

STRAF EKSPEDISIE



SANDBERGH BEYERS

STRAF-EKSPEDISIE

DEUR

SANDBERGH BEYERS



Uitgegeë deur

BOKBOEKE

Posbus 597

JOHANNESBURG

INLEIDING TOT GEWELD

Hulle het van haar 'n slavin gemaak.

Ywerige bruin hande het haar betas. Begerige oë het haar ondersoek. Maar Maria D'Anton, dogter van 'n maarskalk van Frankryk, was nie bang nie.

Tog het dit gelyk of die wêreld vir haar verlore is en of net die hel oorgebly het.

Minder as 'n uur tevore het sy en haar broer en twaalf goed bewapende wagte langs die ooskus van Marokko afgereis in die rigting van die nuwe handelsentrum van Magador. Binne twee dae sou hul lang reis vanaf Frankryk afgelê gewees het . . . Sou dit afgelê gewees het . . . Hulle het verstaan dat dit veiliger sou wees om oor land te trek as oor die see te reis.

Maar nou was haar broer dood. Die wagte was ook dood. En die ryk bruidskat wat sy na haar verloofde geneem het, is deur die gulsige Dylaks getakseer. Die goud, die silwer, haar juwele, selfs haar klein hangertjie met die portretjie van haar vader daarin, was alles op die sand oopgesprei.

Hulle het haar vertel dat sy na El Kavah, opperheerser van Marokko, geneem sou word. Hy het in die verafgeleë voorheuwels van die Atlasgebergte gewoën.

Sy het hierdie El Kavah nie onmiddellik te sien gekry nie. Pleks daarvan is sy tussen die slavinne geplaas. En tog het Maria D'Anton haar moed en haar vreemde, hooghartige waardigheid bly behou. Sy het dit nie laat vaar toe sy uiteindelik na El Kavah geneem is nie.

Sy het verwag om 'n man te sien wat vet, wellustig en wreed is. Sy het egter niks daarvan gesien nie. Sy gelaatstrekke was fyn besnee, fyner as selfs dié van die meeste Franse mans. En veel fyner as dié van die Fransman wat sy in Magador sou trou. Sy stem was so sag en sy beheer oor die Franse taal verbasend, byna perfek. Hy was jonk en sterk.

Hy het verskoning gevra dat sy op hierdie manier behandel moes word.

„Ek was nie hier nie, *mademoiselle*, anders sou u onmiddellik vrygestel gewees het. Hulle behoort u nie aan te geraak het nie, maar ek is bevrees daar is heelwat van my mense wat nie veel omgee vir vriendskap met die Franse nie. Ek hoop hulle sal nog leer. Inderdaad, dit staan u vry om te gaan wanneer u dit begeer. En u geld en u juwele — dit alles sal aan u teruggegee word.”

Hy het die hangertjie na haar uitgehou. „Ek sal hierdie heel eerste teruggee. Ek is heeltemal seker dat dit vir u van besonder groot waarde moet wees.”

„Daardie is die portretjie van my vader.”

„Ek weet; ek is jammer dat hierdie onaangenaamheid moes gebeur met die dogter van Pierre D'Anton.”

Hy het teenoor haar geglimlag. Dit was 'n kombinasie van versoening en bewondering.

Sy was verras om te vind dat sy ook glimlag.

En op daardie oomblik het Maria D'Anton met haar pikswart, glinsterende hare, dogter van 'n maarskalk van Frankryk, geweet dat sy nimmer sou terugkeer nie . . .

Hoofstuk Een

FORT VALEAU

Korporaal Diepel, die Sweed met die pokmerke op sy gesig, spuug sy pruimpie uit en dit klap saggies hier voor 'n ry Legioensoldate. 'n Vlieg wat danig vet is, vlieg daarheen en gaan ondersoek instel. Dan laat dit weer teleurgesteld vat. Daar is baie dinge wat hierdie vlieg kan geniet, maar sekerlik nie hierdie pruimpie van korporaal Diepel nie. Nee, nimmer nie.

Die korporaal maak hom gereed om twaalf kêrels toe te spreek. Hy doen dit dikwels. Hierdie Diepel is 'n man wat vreeslik kan praat. Maar hy is ook 'n goeie soldaat van die Franse Vreemde Legioen.

Hy sê: „Môre moet 'n afloskolonne hier aankom. Maar julle weet dit mos al, nie waar nie? Ons begin voetslaan na Dini Sadazi sodra hulle hier aankom. Julle sal bepaald nie jammer wees nie. Ek ook nie. Hierdie fort is soos die hel self. Hier kry 'n mens geen rus nie. Ons sal ons sterre dank die dag as ons hier weg is.”

Hy swyg eers terwyl hy na daardie pruimpie op die sand staar. Dan kyk hy met sy klein kraalogies op na die twaalf kêrels hier voor hom. Sy gesig lyk soos 'n ou verweerde okkerneut.

„Daar was 'n tyd toe diens in Fort Valeau beteken het dat 'n mens kon veg — jy kon sommer baie veg. Die Arabiere het nie daarvan gehou dat ons in hierdie fort gelê het nie. Die Dylaks, die Bormoen en die Riff — a ja nee, hulle het ons probeer uitroei. In daardie dae het die Legioen iets beteken. Maar nie vandag meer nie. Vandag is ons weinig meer as gewone polisie. Vandag gebruik hulle ons skaars. Wanneer daar moeilikheid is, word die vliegtuie gestuur en 'n paar bomme word afgegooi. Dan hardloop die Arabiere. Nie dat 'n mens hulle kan blameer nie.

Ek sou ook maar hardloop as die bomme eers begin val."

Hier so uit die middel van die ry manne kom 'n swaar sug. Dit kom van 'n groot, massiewe manskap — 'n Suid-Afrikaner met die naam Basie Beyers, 'n man wat eens aan die Witwatersrand 'n bokser was, maar wat toe 'n man doodgeslaan het en uitgewyk het hier na die Franse Vreemde Legioen. Dit was nie al nie. Die boks-episode was maar net 'n ekskuus. Basie kon hom ná die Tweede Wêreldoorlog maar nie lekker by die burgerlike lewe aanpas nie. Hy het maar weggebreek en weer kom uniform aantrek hier in die verre noorde van Afrika.

Deur sy beweginglose lippe fluister Basie nou: „Hierdie vent maak my nog kinds. Verbeel hy hom dit is lekker om hier in die bloedige warm son na hom te staan en luister? Wie het nou lus om sy preke aan te hoor?"

Manskap Pete Haver, die Engelsman, wat hier langs Basie staan, knik baie effe en dan sê hy bietjie harder: „Ja, hy praat hom nog kapot. Hy hou daarvan om 'n gehoor te hê en ons is natuurlik die ideale gehoor."

Korporaal Diepel was net klaar om verder te babbel toe hy 'n woord of twee hoor wat Haver gesê het. Hy gluur die Engelsman aan en sê: „Manskap Haver . . . en tree vorentoe!"

Daar volg 'n taamlike lang stilte wat slegs onderbreek word deur die gekras van 'n aasvoël wat iewers vlieg en deur die sagte gekerm van sand wat aanhoudend verskuif onder die aanslag van die hetige woestynwind. Diepel staar aanhoudend na Haver en Haver staar weer na 'n deel van die kasernegebou wat hier reg voor hom is.

Toe Diepel weer praat, is sy woorde onheilspellend sag. „Kan dit wees dat jy nie belang stel in die dinge wat ek te sê het nie, manskap Haver?"

Haver maak sy mond oop om te praat. Dit is 'n fout. „Aandag!" skreeu Diepel. „Jy verbeel jou seker dat jy hier op die paradieterrein soos 'n kraanvoël kan rondstap," sê Diepel vir die Engelsman.

Haver se antwoord laat Basie bietjie na sy asem hyg. „Ek sal nie kan sê nie, Korporaal," sê Haver. „Ek het nie veel kennis van hoedat kraanvoëls stap nie."

Basie kan nie verstaan dat Haver weer so praat nie. Hy soek altyd moeilikheid en nou soek hy weer na paksaal dra in hierdie onmoontlike hitte. Elke keer word Haver maar gestraf omdat hy daardie mond van hom nie kan hou nie. En dit is so verbasend, want hy is tog 'n baie goeie soldaat, hierdie Engelsman. Maar sy mond hou? Net verniet.

Haver se antwoord dring stadig tot Diepel deur en meteens tref dit hom soos 'n ontploffing in sy brein. Daardie gesig wat vol pokmerke is, vertrek van woede. „So, dan probeer jy nog slim wees ook, manskap Haver? Dit is goed. Ek sal vanaand met kaptein Monclaire praat. Dan kan jy hier bly. Jy sal nie saamgaan Dini Sadazi toe nie. Jy kan hier agterbly en 'n verdere termyn uitdien. Hoe hou jy daarvan, my liewe manskap?"

Pete Haver se oë word net bietjie nouer en sy stem is sag, maar nog steeds bietjie verwaand. „Dit is seker geregtigheid, Korporaal, maar ek is heeltemal seker u sal my mis — en ons vriendelike gesprekkies."

Daar is 'n ligte gekletter. 'n Geweer het uit iemand se hand geval. Dit is manskap Basie Beyers se geweer wat geval het. Korporaal Diepel swaai sy aandag weg van Haver af. Hy staar verbysterd na die geweer en dan na Basie Beyers.

„Jou ellendige slonskous! Kyk wat het jy nou aan-gewang! Jy kan nie eers 'n geweer in jou pote vashou nie!"

Hy gluur Basie aan asof hy nie meer woorde kan uitkry nie, maar dan bars hy weer los: „Jy is soos 'n vroumens. Jy is saf en vrot. Wat jy gedoen het,

is 'n oortreding van die Franse militêre regulasies, my liewe manskap. Dit sal jy gou genoeg uitvind. Tel op daardie geweer!"

Basie buk met daardie lang, lenige liggaam van hom en tel die geweer op. Hy het sy doel bereik. Hy het Diepel se aandag van Haver afgetrek. Want nou wei die korporaal weer uit oor die militêre tekortkominge van die moderne manskap van die Vreemde Legioen.

„ . . . Vandag se krewes het nie moed nie . . . niks dissipline nie . . . Dit is die manne van die verlede wat moes veg. Hulle sou seker party dae gehuil het, maar hulle het nie trane gehad om te huil nie."

Dini Sadazi is sowat tweehonderd myl van Fort Valeau af — of sowat ses dae se normale mars. 'n Radioboodskap van Radazi het gemeld presies wanneer die ontsetkolonne daar sou vertrek, sodat baie sekuur kon vasgestel word wanneer die kolonne op Fort Valeau sou aankom. Kaptein Monclaire, bevelvoerende offisier op Valeau, het laat weet dat die kolonne so teen agtuur in die aand op Valeau kon verwag word.

Toe elfuur aanbreek en daar is nog geen teken van die afloskolonne nie, toe begin Monclaire bietjie ergerlik raak. 'n Spesiale aandete, met die beste beskikbare wynsoorte is gereed gemaak vir die offisiere van die aankomende kolonne, maar Monclaire weet baie goed dat die beste kok nie 'n lekker maaltyd onbepaald kan warm hou sonder dat dit bederf word nie. Hy kyk weer 'n slag ergerlik na sy horlosie en dan kyk hy weer deur die venster van die menasiesaal. 'n Volmaan hang hoog in die lug. Die mure van die fort is duidelik in die maanlig en hulle lyk vanaand nog gedugter as gewoonlik. Hy kyk na 'n wag wat daar op die westelike borsswering patroleer. Dit is uit daardie rigting dat die afloskolonne moet aankom. En daardie wag wat sowat veertig voet van die grond af is, sal hulle al raak sien wanneer hulle nog ver in die woestyn is. Hy sal hulle ook ver kan hoor. Honderd-en-twintig man wat met volle wapenrusting deur

die woestyn marsjeer, is nou nie juis geluidloos soos feetjies nie. Wanneer hierdie wag die kolonne gewaar, moet hy een skoot afskiet. Dan gaan 'n sersant en ses kêrels na die poort van die fort terwyl die ordonnansoffisier na die wag op die westelike borsswering sal gaan. Wanneer hierdie formele uitkenning agter die rug is, sal die ordonnansoffisier 'n teken gee. Die groot poort sal oopgemaak word en die sersant en die ses kêrels by die poort sal gewere presenteer.

Eers daarna sal hy, wat Monclaire is, sy aandete kan nuttig.

Monclaire swets saggies en draai weg van die venster af. Hy kyk verlangend na die eettafel. Hy kyk na die netjiese gestyfte tafeldoek, die wit servette, die glinsterende glase, die netjiese messe en vurke met die ivoorhewwe. Die laaste keer toe hy 'n tafel op hierdie manier gedek gesien het, is drie maande gelede toe hy met die afloskolonne hier aangekom het en toe die bevelvoerder wat toe in Fort Valeau was, hom ontvang het.

„Goeie genugtig!" sê Monclaire omgekrap. „Dis darem te erg. „Ek het nog altyd dood betyds hier aangekom, waarom kan dieselfde beleefdheid nie aan my betoon word nie? Hierdie gewagtery maak my siek."

Dit is tipies van Monclaire dat hy die grootste gevaar, selfs die dood, onder die oë kan sien sonder dat hy 'n oog knip, maar die feit dat hy moet wag voordat hy sy aandete kan nuttig, maak die woede diep in hom los en dit voel of hy kan skreeu.

Toe middernag egter aanbreek, begin sy reaksies stadig verander. Hy verlaat die menasiesaal en hy stap in die lang, onvriendelike klipgang af na sy kantoor. Hierdie tyd van die nag is sy kantoor vreemd en onvriendelik. Hy steek die twee lampe op wat aan die dak hang en dan lui hy die klokke op sy lessenaar.

'n Ordonnans, sy oë dik van die vaak, kom staan hier voor Monclaire.

Monclaire skryf gou 'n paar woorde op 'n stukkie papier. Hy skryf: „Van bevelvoerende offisier Valeau

aan sekretaris bevelvoerende offisier Dini Sadazi. Herhaal dag en uur vertrek afloskolonne na hierdie fort."

Hy oorhandig die stukkie papier aan die ordonnans. „Stuur hierdie onmiddellik weg,” gelas Monclaire.

Toe die ordonnans uit is, steek Monclaire 'n sigaret aan en wag. Hy weet dat hy nou 'n groot risiko loop om vreeslik verspot te lyk. Daar is 'n honderd dingetjies wat die kolonne kon vertraag het. En tog, 'n onsetskolonne is nooit laat nie. Hierdie mars deur die woestyn is al met meetkundige presiesheid uitgewerk. Daarom is dit nodig om uit te vind of daar nie dalk 'n fout gekom het met die vertrek van die kolonne nie.

Twintig minute later kom die antwoord krassend oor die radiotoestel en 'n paar oomblikke daarna lê die ontsyferde boodskap op Monclaire se lessenaar. . . . *Kolonne het vertrek 16 uur 17 Julie.*

Nee, daar is geen fout met die vertrek van die kolonne nie.

Monclaire huiwer bietjie, sit sy pet op en stap dan uit na die paradeterrein, sy skouers bietjie gekrom teen die koue van die woestynnag. Hy beweeg na die wagtevertrek waaruit 'n lig skyn. 'n Wag salueer en Monclaire erken dit met 'n ligte swaai van sy kort staf. Hy gaan die vertrek binne.

Drie kêrels lê hier op banke langs die muur en sluimer. Drie ander en 'n sersant staan in 'n kort ry terwyl luitenant Gina, die ordonnansoffisier, die verslagboek deurkyk. Gina is 'n jong, bleek offisier en hy lyk amper ergerlik omdat Monclaire sy bedrywighede hier kom onderbreek.

Monclaire sê: „Is daar nog geen teken van die afloskolonne nie?”

„Non, mon Capitaine,” sê Gina. „Dink u . . . dink u dat iets kon verkeerd gegaan het?”

„Natuurlik nie . . .” Monclaire vererg hom en verlaat die wagtekamer. Hy kan nie verstaan dat Gina so 'n onnosel vraag voor die ander manskappe gevra het nie.

Binne 'n paar uur sal die hele fort die ene gerugte wees dat die afloskolonne iets oorgekom het. Die feit dat hy ontken het dat iets gebeur het, sal nie veel beteken nie. Dit sal òf verontagsaam òf verdraai word. Hy sal Gina bietjie onder vier oë moet sien. Die luitenant is baie pligsgetrou, maar partykeer kan hy tog sulke onnosel dinge doen. Hy moet geleer word dat offisiere nie sulke dinge voor gewone manskappe moet praat nie.

Monclaire loop met die vier-en-dertig kliptrappe op wat hom na die westelike borsswering neem. Die wag is sowat vyftien treë van hom af en beweeg weg van hom af. Hier is 'n gevoel van verhewe eensaamheid wat Monclaire bietjie streef.

Die maan raak die sand glinsterend aan en die duine wat wegrol tot in die oneindigheid, kon reuse-branders gewees het. Die kaptein voel soos 'n eensame god wat op 'n eidelose koninkryk neerkyk.

Hy besef egter dat hierdie nie die tyd vir mymeringe is nie. Hy takseer die posisie vinnig. Klaarblyklik hét iets met die afloskolonne gebeur. Miskien manne siek geword of seergekry. Maar dit kan ook nie wees nie. Daar is 'n mediese eenheid by die kolonne. As iemand siek word of seerkry, word hy eenvoudig op 'n draagbaar tussen twee pakmuile vervoer.

Dalk 'n sandstorm? Ook nie baie waarskynlik nie. Hierdie sandstorms trek gewoonlik oor ontsaglike gebiede. As daar een was, sou die tekens daarvan hier in die fort ook sigbaar gewees het.

Monclaire steek weer 'n sigaret op en skiet die gloeiende vuurhoutjie oor die kant van die borsswering weg. Jare gelede sou hy gemeen het dat die kolonne dalk aangeval is. Maar vandag is Marokko die ene vrede. Baie van sy manne het nog nie eens 'n skoot in 'n geveg afgevuur nie. Die enigstes is die ouer kêrels en van die ouer offisiere. Een van hulle is die praatsieke korporaal Diepel wat vanaand nogmaals kom kla het oor manskap Haver . . .

Meteens is daar 'n breë spies rooi deur die lug. Die

dag is aan die breek. Hy kyk vinnig op sy horlosie. Dit is gedorie reeds vieruur.

Hier onder in die vierkant hoor hy 'n geskuifel en dan 'n paar kort bevale. Die wagte word omgeruil. En die kilheid van die nag is aan verdwyn. Die eerste hitte van die nuwe dag streef die vel. Op hierdie oomblik is dit aangenaam, maar netnou-netnou sal dit soos 'n verderf wees wanneer die volle hitte van die woestynson eers op die kaalheid van sand neerbrand.

Monclaire is net aan terug beweeg na die trappies toe, toe hy die wag hoor roep: „*Mon capitaine*, kyk . . . kyk daar . . .!”

Die wag leun hier teen die borsswering en kyk uit oor die sand.

Daar is iets daar — miskien sowat driehonderd treë van die fort af. Die lig is egter nog nie sterk genoeg sodat hy goed kan sien nie. Dit lyk hiervandaan soos 'n skuiwende, roerende massa. Toe hy met die trappies afhardloop, dink Monclaire: „Dit kan 'n sterwende kameel wees. Dit het ongeveer die grootte van 'n kameel.”

„Luitenant Gina, ontbied die reserwe-wagte. Sersant, kom jy en drie man saam met my,” gelas Monclaire vinnig en uitasem.

Die groot dubbelhekke van die poort word oopgeskuif en Monclaire lei die manne uit — vinnig, op 'n drafstap.

Hulle is verskeie treë van die plek af waar Monclaire die snaakse beweging gesien het, toe hulle in hul spore vassteek.

Hulle móet vassteek van weersin en skok.

Daar is geen kameel nie — net sewe Legioenman-skappe en 'n offisier.

Hulle lê en bewe en rem daar aan die toue waarmee hulle vasgemaak is, terwyl die gulsige sand hul vloeiende bloed wegdrink. Twee of drie is reeds dood. Die andere kreun en woel van die laaste stuiptrekkings.

Want met messe is duiwelse dinge aan hierdie stomme skepsels gedoen . . .

Die mediese ordonnansie kom met draagbare uit. Met die vreemde teerheid wat mans teenoor ander mans kan bewys, dra hulle hierdie ongelukkige slagoffers die fort binne na die siekekamer. Daar wag die geneesheer in 'n wit oorjas terwyl die instrumente reeds gesteriliseer word.

Hierdie man is 'n ervare geneesheer. Hy het gedien in die veldtog teen die Riff-rebelle, hy het gedien in die veldtogte teen die Bormoen. Hy het selfs in Agter-Indië gedien, maar hy hyg van die weersin toe hierdie dragbare voor hom neergesit word. Hy wys stadig na drie mans. Hulle word na die dodehuis geneem.

Monclaire staan en kyk terwyl die geneesheer die ander vinnig ondersoek. Toe dit klaar is, vra hy: „Het hulle 'n kans?”

Die geneesheer staan en hou 'n onderhuidsspuitjie teen die lig. Hy skud sy kop stadig. „Ek kan maar net vir hulle die einde makliker maak en dit is al.”

Een van die gewondes sit meteens orent, gryp met sy hande aan sy verskeurde maag en staar om hom soos 'n kind wat uit 'n aaklige nagmerrie wakker word.

Monclaire gaan na die man toe en sit sy hand op sy bloed deurweekte uniform. „*Mon ami*,” verneem Monclaire, „was jy by die afloskolonne?”

Eers lyk dit of die man nie verstaan nie, maar dan draai hy sy uitdrukkinglose oë na Monclaire en hy knik net baie effe.

„Sê . . . sê vir my wat . . . gebeur het.”

Hy is 'n Duitser. Hy kreun en dan sê hy: „Laat my asseblief net staan.”

Hy hou nog steeds sy maag vas en die volgende oomblik val hy skielik vooroor en gly van die draagbaar af op die klipvloer. Terwyl hulle die Duitser wegdra, kyk Monclaire byna wanhopig na die ander

sterwende manne. Hy draai na die mediese offisier wat nou die spuitjie gereed het. „Moet hulle nie eers inspuit nie,” sê Monclaire. „Ek moet eers by een van hulle uitvind wat gebeur het. Hierdie een leef nog. Kan jy hom by sy positiewe kry sodat hy net kan vertel wat gebeur het? Ek móét weet. Dit is van die uiterste belang.”

Die geneesheer neem 'n ander onderhuidsspuitjie op. „Ek kan hom hiermee inspuit,” sê hy en beduie na een van die manne. „Maar hemel, dit gaan wreed wees. Die pyn moet ontsettend wees. Nou is hy darem bewusteloos . . .”

„Ek weet,” sê Monclaire en druk sy lippe saam. „Ek weet dit, maar die afloskolonne is aangeval. Ek moet weet deur wie, hoe en waar. Die offisier sal seker die beste in staat wees om te vertel. As jy hom by sy bewussyn kan kry . . .”

Die geneesheer skud sy kop. Hy gaan kniel hier langs die draagbaar waarop 'n donkerharige jongman diep en onreëlmatig lê en asemhaal. Sy uniform is aan flenters, maar op die een of ander manier het sy kapteinsteken onbeskadig gebly.

Die geneesheer druk die naald van die spuit in die bewustelose offisier se arm.

Monclaire gaan ook hier langs die man kniel en dan beseft hy dat hy die kèrel vantevore gesien het. Meteens weet hy dat hierdie Paul René is. Hy het hom ontmoet toe hy aan die generale staf in Algiers verbonde was. Toe het Paul René pas uit die militêre akademie in St. Cyr gekom. Vir hom is daar 'n skitterende loopbaan voorspel omdat dit gou geblyk het dat hy 'n uitnemende militêre brein het. Hy het natuurlik die afloskolonne geleï.

Onwillekeurig vat Monclaire aan die man se skouer en probeer hom skud. Die geneesheer neem sy hand. „Dit sal nie help nie,” verseker hy Monclaire.

Monclaire fluister 'n verskoning. 'n Minuut gaan verby. 'n Minuut wat soos 'n ewigheid voel. René

haal nog altyd swaar asem, maar sy oë bly toe. Monclaire kyk hoe die geneesheer die ander manne met morfien inspuit.

„Hy gaan nie regkom nie. Kan jy hom nie bietjie meer van daardie goed inspuit nie?” verneem hy van die geneesheer.

„As ek hom te veel inspuit, kan dit hom onmiddellik laat sterf,” antwoord die geneesheer.

Net op daardie oomblik mompel kaptein René 'n onverstaanbare woord. Hierdie keer onderdruk Monclaire die begeerte om die man aan te raak. Stadig, soos die meganiese oë van 'n pop, gaan René se oë oop. En terselfdertyd vertrek en roer sy mond van die ontsettende pyn.

Monclaire buig laag en hou sy mond hier by die man se oor. „Ek is Monclaire,” sê hy. „Ek is bevelvoerende offisier by Fort Valeau . . .”

René onderbreek sy woorde met 'n kort hoesie. Die geneesheer kom en vee die bloed van sy lippe af weg.

Monclaire begin weer. „Ek is . . . Sê vir my . . .”

Hy hou op, want hy sien hoedat René na hom staar. Sy oë lyk besonder jonk en hulle is so helderblou. Dan beweeg sy bebloede hand stadig en floutjies in die rigting van sy hemsak. Hy steek sy vingers na die knopie uit. Die vingers roer, maar die een na die ander raak hulle stil totdat nie een beweeg nie. Hy bly egter na Monclaire staar asof hy iets wil sê, wat hy nie kan uitspreek nie.

Die volgende oomblik trek die geneesheer René se ooglede oor sy oë af. „Ek is jammer, *capitaine*,” sê hy. „Ek het geweet dit gaan nie werk nie.”

Monclaire antwoord nie eens daarop nie. Hy kyk na die hemsak van die jong offisier en hy sien daar iets in bult. Hy verwyder die dooie vingers, maak die knopie los en dan trek hy die rolletjie vaal papier daar uit.

Hy herken dadelik die papier. Dit is die vorm wat enige offisier moet invul wanneer enige voorval plaasvind

waarby die manne betrokke is, dit kom nie daarop aan hoe gering en oënskynlik onbelangrik daardie voorval mag wees nie.

Monclaire stuur 'n onderdrukte dankgebed op. Hy klou die stukkie papier in sy beswete hand vas en hy stap vinnig na sy kantoor toe.

Dele van oorlede René se rapport is feitlik onverstaanbaar. Blykbaar is dit geskryf in die laaste vreeslike oomblikke voordat hy gevange geneem is. En om die een of ander rede het die Dylaks hulle nie aan hierdie stukkie papier gesteur nie.

Dit blyk dat die afloskolonne aangeval is toe hulle een nag kamp gemaak het en toe hulle minder as 'n dag se mars van die fort af was. Omdat dit so onverwags was, was die aanval vernietigend. Eers het Dylaks te voet die kamp binnegedring en die tente met brandende fakkels aan brand gestee. Toe het die ruitery aangeval en die manne tot in die middel van die brandende kamp gedwing. Daar het hulle die Legioenmanne met outomatiese gewere aangeval. Daar is geen twyfel omtrent hierdie skokkende feit nie — dit was outomatiese gewere. Hierdie is uiters verbasend, maar 'n offisier van die gehalte van René sou nie daarvoor 'n fout gemaak het nie, selfs nie al het hy hierdie verslag in daardie hel opgestel nie.

Die laaste woorde is: „ . . . Minder as 'n dosyn van ons oor. Ek is . . . ”

Daar hou dit op.

Monclaire sit die stukkie papier op sy lessenaar neer en hou sy kop tussen sy hande. Dit is nie moeilik om die res te versin nie. René en sy paar manne is deur die Dylaks gevange geneem en toe is met hulle vermaak gedryf — die aaklige vermaak van hierdie barbare wat hou van ruwe operasies op die maag, wat selfs die sterkste manne binne 'n paar oomblikke rasend, waansinnig kan maak. Daarna is hulle hier voor die fort kom neergooi, sonder twyfel as waarskuwing vir die garnisoen hier.

Monclaire maak sy oë oop en staar bedwelm na die muur oorkant hom.

Hy stel homself die vraag: „*Mon Dieu*, maar waarom . . . waarom?”

Hy kan geen antwoord op hierdie vraag vind nie.

Grootskaalse moeilikheid van die kant van die Arabiere is byna onbekend. Af en toe was hulle deurmekaar met Bormoenrebelle wat karavane aangeval het, maar hierdie was maar net geringe skermutselinge. Maar die Dylaks — en René het hulle spesifiek in die verslag genoem — het lankal na die oostelike voorheuwels van die Atlasgebergte uitgelyk waar die Franse hulle dankbaar gelaat het om te maak soos hulle lekker kry.

Nogtans is dit so duidelik soos daglig dat 'n grootskaalse aanval plaasgevind het waarin 'n hele kompanje van die Vreemde Legioen uitgemoor is.

Uitgeput trek Monclaire 'n papierblok nader om 'n boodskap vir Dini Sadazi op te stel.